Newsletter / Nuusbrief No 29 Januarie 2011
The Retreat at Hazeldean

WELKOM TERUG!
Welkom terug na julle vakansie. Party het die stilte van Retreat verkies terwyl ander ver paaie geloop het. Ons is bly dat julle almal veilig terug is.

Hierdie jaar gaan sy eie uitdagings hê waarby elkeen van ons 'n bydrae kan maak om die lewe vir almal by Retreat veilig en aangenaam te maak.

Nuwe nuusblad:
Daar is besluit dat nuus van besluite en aankondigings deur die Retreat Eienaars-vereniging (RAHOA) en die Regspersoon (Body Corporate) nie meer in die Retreater self sal verskyn nie maar in 'n aparte bylae tot die Retreater of op sy eie, behoorlik genommer, wat inwoners kan liasseer.

MENINGSOPNAME
45 Persone het in November 2011 die vraelys voltooi. Dit verteenwoordig ongeveer 50% van die inwonertal op daardie stadium.
Die vernaamste bevindinge kan as volg opgesom word:
Die meeste inwoners wil die heffing so laag as moontlik hou, met slegs noodsaaklike verhogings; is tevrede met die metodes van kommunikasie wat gebruik word met die inwoners, die biblioteek, instandhoudingsdienste, tuindienste en met sekuriteit. Die meeste inwoners verkies dat die lengte van die Retreater beperk moet word tot tussen 4 en 6 bladsye en dat dit maandeliks moet verskyn. Kennisgewings van die sosiale klub moet 'n maand voor die tyd uitgestuur word, met 'n herinneringskennisgewing nader aan die funksie of uitstappie.

Daar is groot belangstelling in herwinning van afvalmateriale. Die Quantumbus word as noodsaaklike diens beskou vir enkele persone, wat nie eie vervoer het nie, en word ook nuttig aangewend om inwoners op uitstappies te neem.

Meer en meer inwoners maak van die gimnasium, fiksheidsoefeninge en die swembaddens gebruik. Die klubhuisfasiliteite is van hoogstaande gehalte. Wat die behoefte aan verdere ontspanningsfasiliteite betref, het die eerste keuse geval op 'n putt-putt baan en die laaste keuse op 'n speelgrond vir kinders. Daar is matige belangstelling in 'n biljarttafel en binnehuise rolbal.

Slegs omtrent 'n derde van die inwoners is bereid om hulle te verbind om die maaltyddiens te gebruik en wel 1 keer per week. Slegs enkeles verkies dit meer male per week.
Algemene tevredenheid is uitgespreek met die kliniekdiens, tuissorgdiens, nood mediese sorg en met van die gesondheidspraatjies.

86% Voel dat die trustees omsien na hulle belange.
Detail besonderhede van die houdingsopname is verkrygbaar by Luther Backer (27)

RETREAT AFFAIRS

FROM THE POOLHALL

We keep the pool under cover for one reason only and that is to save electricity, but at the same time we do not want to cause any inconvenience to residents who want to swim, but cannot open or close the covers. If you need any assistance with the pool covers do not hesitate to phone any of the following persons: Piet Botha (46), Luther Backer (27), Glen Gable (55) or Herman Broersma (21)

On behalf of the pool committee I want to thank all residents for their great cooperation in assisting with the various pool hall routines:
For your efforts in opening and closing the pool covers when required.
For ensuring that the change room door barrels are in the closed position and that the door leading to the clubhouse deck is locked.
At our end of day inspection it is great to find all the above adhered to.

On behalf of the pool committee: A BIG THANK YOU.
Herman POOLsma

BIBLIOTEEK/LIBRARY

Al die boeke onder die genre Fiksie is op ons rekenaar stelsel en het ‘n RETREAT BIBLIOTEEK/ LIBRARY stempel voor in. Tom Papenfus created a comprehensive index for the library and all the data is backed up on a memory stick. Thank you, Tom.
Ons biblioteek word goed gebruik en ons is seker dit verskaf genot aan baie mense.
Thank you for using the card system so well and for filing your cards in the container after completion.
Mense wie se kaarte vol is, kan ‘n nuwe een in die boonste laai van die lessenaar kry. Klem die twee aan mekaar vas en ons sal die gekleurde nommer plakker oorskakel na die nuwe kaart.
Aan al die mense wat boeke geskenk het, ‘n baie groot dankie. Ons stel dit hoog op prys.
Die paar duplikate wat ons het, gaan ons hou en op ons volgende Moremark verkwansel!
Thank you for the donation of magazines, we have something for every taste.
Enjoy your reading and please let us have any suggestions for improvement. Lekker lees,
Boekwurms.

Annette(2017) en Sue(2059)

LIEF EN LEED

Elize Harris stuur nuus vanuit die Klubhuis.

After a wonderful holiday I am glad to be back. Wishing you all a wonderful and healthy 2012.

Die nuwe jaar beloof om vol uitdagings te wees. Ons sien uit na al die lekker uitstappies en kuiers saam met al ons inwoners. Kom kuier gerus in die klubhuis vir ‘n koppie tee.

We have a very active social programme lined up for February. If you have not received a copy please enquire at Reception.

Kom braai saam met ons op die 10de Februarie om 18h00 by die Lapa, dit gaan ‘n heerlike aand wees. Kontak Val by ontvangs om te bespreek.

Graag herinner ek julle almal aan die etes wat julle by die klubhuis kan bestel. Die kos word verskaf deur Christine van Plates and Platters, Pretoria en is baie smaaklik. Probeer dit! Indien jy spyseniers benodig vir ‘n funksie kan jy gerus vir Christene kontak.

A warm word of welcome to our new residents that have moved in:
Unit nr 77: Gawie and Anita Bredell
Mag julle verblyf saam met al ons inwoners baie gelukkig en geseënd wees.

During the month of January a few of our residents were hospitalized. We wish them a speedy recovery. You are always in our prayers.

Unit nr 42:	Maggie Olivier	Unit nr 44:	Edeltraut Bonner
Unit nr 64:	Dave Horwitz	Unit nr 20:	Tom Papenfus
Unit nr 23:	Erica Paul		

Tom Papenfus has resigned from the Body Corporate due to ill health. We wish him the very best. I would like to thank him for the wonderful job he did while he was serving on the committee. Tom gave selflessly of his time and showed real compassion to help all of his fellow residents. We embrace him with our love and support during this time.

Ons is baie gelukkig met die fisioterapeut Nadia wat ons so bystaan met die rehabilitasie van sekere van ons inwoners, die vordering wat hulle maak is merkwaardig. Baie dankie vir al haar hulp en liefde wat sy betoon aan haar pasiënte.

Baie dankie aan Elize vir die beplanning van die Sosiale aktiwiteite vir Februarie en vir die verspreiding van die program. Teken dit aan en woon sommer al die aktiwiteite by. By tee die 8ste is Dr P Meyer by ons om te gesels oor hoe om jou hart gesond te hou. As jy nog nie tevore van Dot Horwitz se lekker stokperdjie-sessies bygewoon het nie, weet jy nie wat jy mis nie!! Sorg dat jy die 9de daar is. Op Maandag die 13de bak ons lekker saam. Tee by “Koffie-Tijd” op die 15de gaan beslis ‘n hoogtepunt wees.
Ds Danie Dreyer gaan voortaan elke laaste Dinsdagoggend van die maand vir ons ‘n kerkdiens hou. Woon dit by en maak dit so vir hom die moeite werd om te kom.

UIT DIE PROJEKBESTUURDER SE KANTOOR
Charl May skryf

Retreat Fase 01

1. Eenheid 34 is verkoop en ons is besig om die eenheid klaar te maak vir okkupasie aan die einde van Februarie.
2. Eenheid 04 is as ‘n dop gebou en is onlangs verkoop. Die nuwe kopers is huidig besig om dokumentasie in plek te kry, voordat ons die eenheid kan voltooi.
3. Eenheid 11 is verkoop en ons beoog om teen die einde van Februarie met konstruksie te begin.
4. Die groenbelt projek is so te sê voltooi en die oorhandiging aan die RHAO sal vroeg in Februarie geskiet.

Retreat Fase 02

1. Eenhede 70, 74, 77, 79 & 83 is almal geokkupeer.
2. Ons is tans besig met die konstruksie van eenhede 68, 69, 73 & 81. Die eerste van die klomp huise sal min of meer Meimaand reg wees vir okkupasie.

3. Ons is ook besig met ‘n grootskaalse skoonmaak van die fase 02 terrein en beoog om binne die volgende 2 weke klaar te wees.

Retreat Woonstelle

1. Fase 1A van die woonstelle is voltooi en ons het tans 10 woonstelle verkoop.

Algemeen

1. Die terrein-ontwikkelings-plan vir fase 03 is ingedien. Ons wag tans vir die goedkeuring daarvan. Ons beoog om teen die einde van Maart te begin met die dienste vir fase 03. Daar is al 6 eenhede verkoop in fase 3.
2. Ons beoog ook om ons dokumentasie prosesse op te skerp. Daarom is ons ook al klaar besig met die voorbereiding van die terrein-ontwikkelings-plan vir fase 04.

NUUS OOR ONS INWONERS

Trotse grootouers, Johan (Johan Francois) en Vonnie Oberholzer.

Johan se twee naamgenote, Johan Francois Oberholzer van Afrikaans Hoër en Johan Francois Oberholzer van Centurion Hoërskool, behaal gesamentlik 15 onderskeidings in hulle matriek eindeksamens.
Johan wil graag in sy oupa se voetspore volg en hom as medikus bekwaam. Francois het ‘n passie vir rekenaars en beplan ‘n kursus in rekenaarswetenskap.
Volgens die Pretoria News sê oupa Johan: “ It is a great privilege and honour for me as granddad that my two grandsons, who were named after me, did so great in the exams. I am very thankful that they realise the importance of always doing their best.”

LEER DIE VOËLS VAN ONS OMGEWING KEN No 15

Geskryf deur Johan & Christa Nieuwenhuis

Gevlekte ooruil (Spotted eagle owl)

Dit is half nege die aand. Ons sit op ons voorstoep en gesels met ‘n bekertjie tee in die hand. Dan hoor ons dit .... ‘n duidelike “hoe” met ‘n sagter “hoeeee”. Ons is dadelik opgewonde want dit klink soos ‘n uil. Met die flits en verkyker gewapen, sluip ons in die rigting van die geluid. En daar sit hy – op Danie en Charlotte se huis se nok – onmiskenbaar met sy “oortjies” wat regop staan. Hy wag ‘n rukkie en vlieg dan geluidloos weg om later by Willie en Annette te gaan kuier. Albert en Esme se huis is ook baie gewild. Hy sit dikwels op ‘n huis se dak, aan die kant van die ontwikkeling, waar hy op die uitkyk is vir ‘n heerlike happie in die veld.

Hierdie uil is nogal groot met ‘n lengte van amper ‘n halwe meter en ‘n vlerkspan van meer as een meter. Hulle weeg gemiddeld 500 gram maar kan tot byna 1 kg swaar word. Sy oë is groot en geel en hy het twee oorklossies op sy kop wat hy oplig as hy gesteur word. Die oorklossies is vere op die kop en het niks met hulle gehoor te doen nie. Uile se ore is nie sigbaar nie en sit asimmetries teen hulle koppe. Dit veroorsaak dat hulle baie goed rigting en afstand kan hoor en net op klank af hul prooi in die donker kan vang.

Hulle dieet bestaan uit ‘n wye verskeidenheid – knaagdiere, voëls (so groot soos tarentale), insekte, giftige slange, ens. Daar is al 60 spesies opgeteken wat deur hulle verorber word. Hulle jag hoofsaaklik in die nag en bedags sit hulle of in bome of op die grond en slaap. Wanneer hulle bedags raakgesien word, pla die kwêvoëls hulle nogal en dit is eers teen skemer wat daar uiteindelik vir hulle rus is. Hulle verkies om die prooi heel in te sluk, maar as dit te groot is, skeur hulle stukkies vleis af soos roofvoëls. Dit is vir ‘n gesonde dieet nodig om die vere, hare en bene in te sluk. Dit wat nie verteer nie, word later as uilballe uitgespoeg.

Hulle neste is hoofsaaklik holtes in die grond (61 %) en in bome of boomstompe (26 %) terwyl die res in geboue broei. Hulle broei feitlik deur die hele jaar en lê 2 tot 3 eiers tot 4 dae uitmekaar. Die wyfie begin broei sodra die eerste eier gelê is terwyl die mannetjie kos aandra. Die kuikens broei na 30 dae uit en as die neste op die grond is, verlaat hulle die nes na nog 30 dae. As neste hoog is, soos in bome, vat dit tot 40 dae. Hulle leer dan jag en is na so 4 maande eers selfstandig.

Die gevlekte ooruile paar lewenslank en begin broei as hulle een jaar oud is. Hulle word uiteindelik so 10 jaar oud, maar kan tot 20 jaar in gevangenskap leef. Dit is egter onwettig om die uile te vang en as troeteldiere aan te hou.

BYDRAE VAN INWONERS

CHRISTA NIEUWENHUIS SKRYF:

Dit werk tog beter om net mooi te vra!
As dit nodig is, tel eerder tot tien
Dit help regtig – dit sal jy sien!

Ek vrees een van die dae sit ons sonder ‘n enkele trustee
Omdat ons hulle al hulle hel op aarde gee!
Hierdie mense gee al hulle arbeid en kragte, verniet
En al wat ons gee, is erge verdriet!

As jy nie wil help nie, hou liewer jou mond
Kyk na die ander oorde om ons rond
Retreat bly nog die beste
Van die ooste tot die weste!

Kom ons vat almal hande en doen tog mee
Skryf ‘n artikel of help by die tee!
Wees positief en sê gereeld dankie
En nooi ‘n trustee vir ‘n gemoedelike drankie…

‘N DANKBARE INWONER SKRYF:

Die trustees sit baie tyd in terwille van ons inwoners, waarvoor ek uiters dankbaar is! Hulle werk hard en is hulpvaardig. Hulle is net sulke inwoners soos ons en offer baie tyd op - sonder betaling!! Die resultate kan gedurig oral waargeneem word. Ons kompleks word al mooier en die organisasie verbeter voordurend! Ons is bevoorreg om in so ‘n landelike kompleks te bly. Tussen sulke inwoners! ‘n Voorreg!
As elkeen van ons net ‘n klein ietsie bydra, sal dit hulle las verlig.
Kom ons probeer ons eie klagtetjies oplos en om die trustees te steun – en selfs te help om ons bure se probleempies te help oplos. Doen selfs op die gemeenskaplike areas wat jy kan. Maak mooi! Tel goedjies (gemorsies) op.
Wees positief, dan word die om jou ook positief. Dis aansteeklik! Doen dit wat jy dink jou buurman eintlik behoort te doen.

LEWENSWYSHEDE EN LEWENSWAARHEDE

The art of saying a lot without revealing your cards?

What a Statesman he was!!

Winston Churchill was once asked about his position on whisky.

Here's how he answered:

"If you mean whisky, the devil's brew, the poison scourge, the bloody monster that defiles innocence, dethrones reason, destroys the home, creates misery and poverty, yea, literally takes the bread from the mouths of little children; if you mean that evil drink that topples men and women from the pinnacles of righteous and gracious living into the bottomless pit of degradation, shame, despair, helplessness, and hopelessness, then, my friend, I am opposed to it with every fibre of my being.

However, if by whisky you mean the oil of conversation, the philosophic wine, the elixir of life, the ale that is consumed when good fellows get together, that puts a song in their hearts and the warm glow of contentment in their eyes; if you mean good cheer, the stimulating sip that puts a little spring in the step of an elderly gentleman on a frosty morning; if you mean that drink that enables man to magnify his joy, and to forget life's great tragedies and heartbreaks and sorrow; if you mean that drink the sale of which pours into our treasuries untold millions of pounds each year, that provides tender care for our little crippled children, our blind, our deaf, our dumb, our pitifully aged and infirm, to build the finest highways, hospitals, universities, and community colleges in this nation, then my friend, I am absolutely, unequivocally in favour of it.

This is my position, and as always, I refuse to compromise on matters of principle."

GEDAGTES TOT NADENKE

Psalm 71:17-19

U het my van jongs af onderrig, O God, en ek getuig nou nog van u kragtige dade.
Nou dat ek oud en grys geword het, moet u my tog nie alleen laat nie, O God,
Dat ek nog aan die geslagte wat kom, kan vertel van u werk en u mag.
U verlossingswerk, O God, is oneindig groot; groot is die dinge wat U gedoen het.

NUUSBRIEF REDAKSIE:
Luther Backer
&
Annette du Preez